

LESBEPLANNING
LEERPROGRAM: GELETTEDEID (HUISTAAL)

GRAAD: 2

TEMA EN INHOUD: BESOEDLING (LUG EN WATER) EN PLANTE
TYD's DUUR: +- 3 Weke

LU en Ass Standaarde	Leer Aktiwiteite	Hulpmiddels
<p>LU 1: LUISTER</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Luister vir 'n langer tydperk aandagtig en reageer oop 'n stel ingewikkelder instruksies. 2. Toon gepaste luistergedrag deur respek vir die spreker te toon, beurte te neem om te praat, vrae te stel om duidelikheid te verkry en, indien gepas, kommentaar te lewer op dit wat gehoor is. . 3. Luister met genot na stories, gedigte, liedjies en ander mondelinge tekste en toon begrip: <ul style="list-style-type: none"> • luister vir die belangrike besonderhede • voorspel wat gaan gebeur 	<p>Leerdere is in staat om nou na meer ingewikkelder instruksies te luister en dit korrek uit te voer. Luistervaardig- hede word meer ontwikkel wanneer hulle respek toon deur na ander te luister en beurte te neem om te praat. Hulle word toegelaat om vrae te stel en gepaste kommentaar te lewer.</p> <p>Onderwyser vertel interessante kort verhaaltjies oor besoedling: "Hoe Pietie asma ontwikkel het omdat hy vir 'n tydperk blootgestel was aan besoedelde lug".</p> <p>Onderwyser vertel die volgende dag hoe Pietie gesond geword het toe hulle na 'n ander gebied getrek het.</p> <p>Ook die storie van "Hoe die vissies in die rivier doodgegaan het omdat die water besoedel was, en wat verder gebeur het met dooie visse" Nog ander gepaste verhaaltjies word in hierdie tyd vertel (gebaseer op die werklikheid)</p> <p>Leerdere geniet dit om na hierdie stories te luister. Hulle is in staat om die verloop te volg en voorspellings te kan maak.</p>	<p>Soos in ander lesse</p>

5. Luister na 'n spreker wat leerders nie kan sien nie (soos oor 'n telefoon) en reageer op vrae en instruksies

LU 2: PRAAT

1. Gesels oor persoonlike ervaring en algemene nuusgebeure(NUUS)
2. Gebruik taal verbeeldingryk vir prèt en fantasie(soos om grappies en raaisels te vertel, woordspeletjies te speel en eie rympies op te maak)
3. Skep en vertel eenvoudige stories met'n begin, middle en einde deur bewkrywende taal te gebruik en herhaling te veermy.
4. Neem deel aan klas- en groep besprekings:
 - inisieer onderwerpe tydens groepbesprekings
 - neem beurte en stel gepaste vrae.
 - Stel idees voor en brei daarop uit
5. Stel maniere voor om probleme op te los
6. Gebruik gepaste taal vir verskillende doeleindes (soos verskonings, uitnodigings) en voer onderhoude met verskillende mense – doen rolspel.
7. Gebruik gepaste volume en intonasie – praat bv saggies met 'n maat in die klas en harder

Onderwyser rolspel terwyl leerders ontspan en hul oë toemaak. Sy kla oor die besoedeling in die buurt en hoe sleg die omstandighede is. (Op die vlak van leerders)

Vooraf beplanning: Onderwyser het koerantuitknipsels en tydskrifte bymekaar gemaak waar besoedeling aangespreek was. (Prente kan ook gebruik word om die mondelinge gesprek te bevorder).

Leerders deel neem aan die gesprek en sekere begrippe word aan leerders verduidelik. Ons onmiddellike omgewing word ook as voorbeelde gebruik.

Leerders reageer ook op die rolspel in LU 1 (deur onderwyser). Hulle redeneer moontlike oplossings vir die situasie. Met die ondersteuning van onderwyser maak leerders rympies op omskep dit in 'n liedjie: "Ons moet elke dag ons woonbuurt skoonhou, woonbuurt skoonhou, woonbuurt skoon hou". Leerders kom die daaropvolgende dae met hul eie liedjies van die huis af.

Klasbesprekings: Leerkrag bespreek situasies waar leerders onveilige water kan identifiseer en ondersoek. Maniere om die probleem op te los. Gebruik gepaste beskikbare prente.

Leerkrag gesels oor die volgende onderwerpe (gepaste taal)

Waar kry ons water?

Is alle water veilig om te drink?

Kom ons bespreek die metodes om water te suiwer: Stappe vir 'n suiwerings proses word bespreek.

op die speelgrond.

LU 3: LEES EN KYK

1. Gebruik visuele leidrade om betekenis te skep
 - Voorspel na aanleiding van boekomslag waarom die storie handle
2. Skep betekenis uit geskrewe teks:
 - 2.1 Lees 'n storie alleen of saam met die onderwyser en
 - beskryf die hoof gedagte
 - identifiseer kernbesonderhede
 - (soos karakters, volgorde van gebeure, ruimte/agtergrond)
 - identifiseer die verband tussen oorsaak en gevolg (waarom iets in die storie gebeur)
 - maak gevolgtrekkings, dui aan of leerders van die storie hou of nie en waarom.
 3. Herken en skep betekenis uit letters en woorde in langer tekste
 - 3.1 lees met toenemende spoed en vlotheid
 - 3.2 lees hardop en gebruik die korrekte uitspraak en gepaste klem
 - 3.3 gebruik klank- en ander woordherkennings- en begripsvaardighede soos klanke, kontekstuele leidrade en die maak van voorspellings ten einde 'n teks te verstaan
4. Ontwikkel klankbewustheid : Gebruik woorde

Onderwyser lees saam met leerders gepaste stories en leerders beskryf die hoofgedagte.
Hulle identifiseer kern gedagte. Stel vas of leerders van storie hou of nie, en waarom nie.
Eenvoudige leesstof word beskikbaar gestel (gebaseer op tema). Leerders kies hieruit wat hulle wil lees. Ruil leesstof later met ander leerders.

Moeilike woordeskat gebaseer op tema word bespreek sodat vlotheid en spoed bevorder kan word tydens die lees proses.
Korrekte uitspraak van woorde word aangemoedig tydens hardop lees.

Flits moeiliker woorde aan leerders. Gee hulle kans om te klank indien hulle dit nie onmiddelik herken nie.
Herken meer komplekse woordfamilies – sien AS
Behandel 2 & 3 letter kombinasies: tr, tw, vl, vr, -nd, -ng

<p>uit leesreeks. Hou assesseringstandaarde in gedagte</p> <p>4.1 herken vokaalklante wat uit 2 letters bestaan (moet, deur) diftonge (ou ei, ui)</p> <p>4.2 herken 2- en 3- letterkombinasies aan die begin en einde van woorde (str, - nd)</p> <p>4.3 beginklanke – herken die eerste klank en laaste del van die lettergreep in meer komplekse patrone (dr-oom, str-oom)</p> <p>4.4 herken meer komplekse woordfamilies (troon, kroon)</p> <p>4.6 herken 'n toenemende aantal hoëfrekwensie-sigwoorde.</p> <p>5. Lees vir inligting en genot</p> <p>5.1 Lees prentebouke en eenvoudige stories van eie keuse</p> <p>LU 4: SKRYF</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Skryf toenemend leesbaar hanteer skryfinstrumente doeltreffend 2. Gebruik pre-skryfstrategieë om skryfstuk te begin <p>Neem deel aan dunkskrum-aktiwiteite om idees vir skryf te kry;</p> <p>Deel idees met klasmaats en onderwyser;</p> <p>Kies 'n onderwerp met persoonlike betekenis om oor te skryf</p>	<p>Leerdere lees tekste waar hulle kennis maak met diftonge , 2 – en 3- letterkombinasies aan die begin en einde van woorde.</p> <p>DROP ALL AND READ</p> <p>Prente- en storiebouke van eie keuse</p> <p>Individuele lees</p> <p>Groeplees</p> <p>Gedeelde lees</p> <p>Die greep van skryfinstrumente word deurgaans dopgehou. (leerdere is geneig om verkeerde grepe aan te leer)</p> <p>Inkleur, knip en plakwerk word aanbeveel.</p> <p>Ter voorbereiding vir skryf:</p> <p>Kopkaarte oor temas: Leerdere brei uit en gee idees. Praat oor idees en stuktueer gedagtes om 'n logiese storie te vorm. (Gebruik bestaande woordeskat)</p> <p>Leerdere skryf hul eie kort, eenvoudige sinne. Prente kan ook gebruik word om leiding te gee. Verkry idees van kopkaarte.</p> <p>Leerdere sit in pare en hersien mekaar se skryfstukke. Maak spelfoute reg. As leerdere onseker is van spelling word onderwyser geraadpleeg.</p>	
--	---	--

<p>3. Skryf 'n konsep weergawe van 'n skryfstuk vir verskillende doeleindes: Skryf verskillende soorte kort tekste:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Lyste soos take vir die week • Eenvoudige vertelling van persoonlike ervarings en gebeurtenisse (skriftelik) • Eenvoudige stories <p>4. Hersien skryfstukke</p> <p>4.2 probeer om eie skryfwerk te redigeer (soos verwyder of voeg woorde by om betekenis duideliker te stel en gaan spelling en puntuasie na)</p> <p>6. Bou woordeboek op en begin woorde spel sodat ander dit kan lees en verstaan.</p> <p>6.1 eksperimenteer met woorde uit eie taalervaring</p> <p>6.2 spel algemene woorde korrek</p> <p>6.3 bou 'n woordbank en 'n persoonlike woordeboek op</p> <p>6.4 gebruik woordeboek om spelling en betekenis na te gaan.</p> <p>7. Gebruik gepaste grammatikale strukture en skryfkonvensies en skryf sodat ander kan verstaan:</p> <p>7.1 Gebruik skryfstrukture vir verskillende soorte sinne en strukture;</p> <p>7.2 Gebruik basiese puntuasie (hoofletters en</p>	<p>Skryfwerk word oorgedoen (korrek)</p> <p>Onthou om die woordeboekies by te hou. Bring nuwe woordeboek hierin aan met korrekte spelling. Onderwyser ondersteun die swakker leerders. Reeks aktiwiteit kan gedoen word ter vaslegging van leerstof: Bv. Skryf die metode om water te suiwer deur die ontbrekende woorde in te vul: `1. Om water te suiwer kan ons dit 2. Gooi 1 teelepel by 20 liter Bleikmiddel, sand, water, kook</p> <p>Vergelyk verskillende toilette by huise of skool</p> <table border="1" data-bbox="886 1052 1703 1159"> <tr> <th data-bbox="886 1052 1293 1089">Huis</th> <th data-bbox="1293 1052 1703 1089">Skool</th> </tr> <tr> <td data-bbox="886 1089 1293 1159"></td> <td data-bbox="1293 1089 1703 1159"></td> </tr> </table> <p>Voltooi sinne: kos, was, seep, toilet, water, kook</p> <p>1. jou hande as jy die besoek het.</p>	Huis	Skool			
Huis	Skool					

<p>punte)</p> <p>7.3 Eksperimenteer met verskillende leestekens</p> <p>LU 5: DINK EN REDENEER</p> <p>1. Gebruik taal om konsepte te ontwikkel:</p> <p>1.1 Verstaan en gebruik konseptuele taal uit verskillende leerareas nodig op hierdie vlak en ter voorbereiding van die volgende vlak</p> <p>2. Gebruik taal om te dink en te redeneer:</p> <p>3.</p> <p>2.1 Verstaan en gebruik taal vir logika en redenasie, soos vir oorsaak en gevolg, logiese volgorde</p> <p>2.2 Gebruik hoer-orde-denke en die meegaande taal, soos maak afleidings, pas kennis toe, evalueer (soos “Ek dink:”, “Ek wonder”)</p> <p>3. Gebruik taal om te ondersoek: Stel vrae en soek verduidelikings Verskaf oplossings en alternatiewe</p> <p>4. Verwerk inligting</p> <p>4.1 Kies spesifieke inligting uit ‘n teks en verwerk dit:</p> <p>4.2 Organiseer inligting in ‘n eenvoudige grafiese vorm (soos ‘n diagram, rooster)</p>	<p>2. Gebruik en skoon om jou hande te was.</p> <p>Voorsien leerders die skets van die plant. Hulle moet die dele identifiseer. Skryf die funksies van al die dele neer.</p> <p>Vertel leerders ‘n storie van hoe belangrik plante in die samelewing is en verduidelik vir hulle wat indringer plante is. Stel ondersoek in om indringerplante te kan identifiseer!</p> <p>Laat leerders plante skool toe bring en ondersoek dit. Beskryf jou plant se:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Kleur 2. Grootte 3. Reuk 4. Vorm , ens. <p>Na aanleiding van bogenoemde bespreking: Leerders gee oplossings om dié plante te beheer of uit te roei. Stel leerders bloot om vrae te vra oor plante in die natuur en met bestaande kennis moontlik eie antwoorde vir hul vrae kan hê.</p> <p>Waar van toepassing: Inligting kan gebruik word om grafiese voorstellings te maak</p>	
--	--	--

<p>LU 6: TAALSTRUKTUUR EN GEBRUIK</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Bring klanke in verband met letters en woorde <ol style="list-style-type: none"> 1.1 Gebruik klanke om minder bekende woorde te spel 2. Werk met woorde <ol style="list-style-type: none"> 2.1 spel bekende woorde korrek 2.2 gebruik alledaagse skryftekens (kappie en deelttekens 2.6 verstaan en gebruik voorvoegsels en agtervoeg- sels 3. Werk met sinne <p>verbind twee enkelvoudige sinne met 'n voegwoord ("en" en "maar") soos: Johan het die glas laat val en dit het gebreek (Teme)</p> <p>Verstaan en gebruik selfstandige naamwoorde, adjektiewe, besitlike voornaamwoorde (myne, hare, ens) werkwoorde en voorsetsels korrek</p> 4. Werk met tekste: <ol style="list-style-type: none"> 4.1 skakel sinne om paragrawe te vorm 	<p>Hou aangeleerde klanke in gedagte. Gee minder bekende woorde. Laat leerders hul klankkennis gebruik om dit te skryf deur dit in gepaste sinne te gebruik.</p> <p>Speltoets: Gebruik klankwoorde uit die tema</p> <p>Beplan 'n aktiwiteit waar leerders die deelteken en die kappie moet invul. Bespreek voor- en agtervoegsels</p> <p>Oefening: Gebruik kort sinnetjies uit verhaaltjies. Maak gebruik van voegwoorde om dit 'n meer komplekse sin te maak.</p> <p>Addisionele Aktiwiteite: Onderwysers verkry gepaste aktiwiteite uit Uitgewers se Aktiwiteitsboeke of sy kan haar eie Aktiwiteite ontwerp.</p> <p>Vul in die gepaste woord (voornaamwoorde, werkwoorde, voorsetsels ens)</p> <p>Skryf genommerde sinne oor in paragraaf vorm. (Verduidelik aan leerders waarom</p>	
<p>BESONDERHEDE VAN ASSESSERING</p>		

LEERPROBLEME

OORSIG